# Paraatmaking teen immoraliteit in 'n post-modernistiese samelewing: 'n Hermeneuse[1] van 2 Petrus 1:12-15

**Douw G Breed & Fika J van Rensburg**
**Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale**
**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

## Abstract

### Preparing against immorality in a postmodern society: A hermeneusis of 2 Peter 1:12-15

***Under the influence of postmodernism the moral autonomy of man is at present strongly accentuated and society more and more evinces the characteristics of this perspective. This article on 2 Peter 1:12-15 argues that it is important to make believers aware of the consequences of an immoral lifestyle and to prepare them against it. Believers must be equipped with fresh and clear knowledge of the teachings of the apostles. In these teachings the believers possess authoritative guidance that will help them to distinguish between true and false teachers of Jesus Christ and that will lead them to sanctification. The teachings of the apostles will also teach them to call lovingly upon other people to live a life true to God and one that speaks of high moral values and self control.***

## 1. INLEIDING

### 1.1 Probleemstelling

Op moreel-etiese terrein geniet die mens tans groot vryheid. Die mens bepaal self wat moreel-eties reg of verkeerd is, en dit is nie langer aanvaarbaar dat waardes op iemand

[1] Met die woord *hermeneuse* word verwys na die proses waartydens die oorspronklike bedoeling van die teks oorgebring word na die konkrete werklikheid van vandag (vgl Coetzee, De Klerk en Floor 1980:12-26).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

afgedwing word nie. Taylor (1999:43) stel tereg dat die vryheid van die mens om self te besluit oor sake soos pornografie, taalgebruik, egskeiding, homoseksualiteit en aborsie so hoog geag word dat *onverdraagsaamheid* "is the only serious sin left".

Die moreel-etiese outonomiteit van die individu moet in 'n groot mate verstaan word teen die agtergrond van die postmodernistiese lewensbeskouing. Hierdie lewensbeskouing het volgens skrywers soos Bosch (1991:349) en Vorster (1996:68) algaande in die laat twintigste eeu[2] die modernistiese lewensbeskouing met sy rasionele en intellektuele inslag vervang. Hoewel postmodernisme 'n komplekse verskynsel is, sou dit in navolging van Lyotard (1984:xxiii-xxv) tog in die algemeen beskryf kon word as 'n geestesbeweging wat weerstand bied teen die *grant récit* (meesters narratief). Met *grant récit* word verwys na 'n oorhoofse narratief wat as universele waarheid gesien word en wat daarom universele onderwerping eis. In die postmodernisme word in besonder weerstand gebied teen die modernisme se "Enlightenment ideal of the emancipation of the human race from class oppression through the voice of reason" (Edgar 1995:374). Skrywers soos Bosch (1995:5-13), Küng (1991:3-19) en Tracy (1994:105-106) wys dat dit uit die wêreldgeskiedenis blyk waartoe die oorheersende mag van die rede as die *grant récit* werklik gelei het. Olthuis (1996:459) som die gevolge van die oorheersende mag van die rede volgens die postmodernisme op wanneer hy sê dat die modernisme se "Enlightenment dream of a world increasingly controlled by a pure rationality has shown itself not only blind and indifferent to those who are other and different, those who fall outside the dominant discourse, but violent and oppressive to them. For many, the marginalized and the voiceless, the dream has been an unrelenting nightmare."

Hoewel die postmodernisme in besonder die modernisme se oorheersende rol van die rede as *grant récit* beskou, word enige narratief wat as universele waarheid voorgehou word, byvoorbeeld geloofsbelydenisse (Van Niekerk 1998:367) as *grant récit* geëtiketteer. Teenoor die *grant réci*t word deur die postmodernisme die *petit récit* gestel (vgl Lyotard 1984:60-67). Die *petit récit* kan gesien word as "localized narratives, traditions, and shared beliefs within the local community, expressed less in rational, universal terms than in the language of emotion, religion, poetry, and intuition" (Turnau 1994:350). Dit is belangrik om te besef dat die *petit récit* nie verwys na 'n werklikheid wat daar buite

[2] Küng (1990:4) stel dat die verskuiwing van modernisme na postmodernisme reeds so vroeg as 1918 'n aanvang geneem het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bestaan en ontdek kan word nie. Die *petit récit* is volgens die postmodernisme slegs 'n werklikheid wat die mens of groep mense self konstrueer.

Op die moreel-etiese terrein hou die postmodernistiese siening belangrike gevolge in. Die weerstand van die postmodernisme teen die modernisme se oorheersende mag van die rede het op die moreel-etiese gebied gelei tot 'n gerigtheid op ander mense en 'n erkenning van die andersheid van ander. Tracey (1994:108) stel dat die etiese betekenis van postmodernisme veral geleë is in die beklemtoning van "die ander" se oproep: "...do not reduce me or anyone else to your grand narrative." Omdat daar in die postmodernisme erken word dat die individu "a moral and epistemic universe unto him or herself" is en "one's chief aim is to define oneself (and resist community definition through rules and the like) and maximize personal freedom, pleasure, and creativity" (Turnau 1994:355), dra die omgewing waarin mense hulle bevind, ook al hoe meer die stempel van hierdie lewensbeskouing. De Lange (1999:110-111) toon byvoorbeeld aan hoe die postmodernisme tot 'n "ruimhartige seksuele moraal" gelei het waarin daar weinig grense vir seksuele permissiwiteit gestel word en waarin die grens tussen "intimiteit en openbaarheid" verdwyn het.

Watter moreel-etiese leiding behoort daar vanuit die Skrif aan die gelowiges wat in die postmodernistiese wêreld leef, gegee te word? 2 Petrus 1:12-15 kan 'n aantal riglyne in hierdie verband bied. Petrus handel in 2 Petrus oor sy lesers se moreel-etiese gedrag. Hy roep sy lesers op tot 'n lewe waarin deugde soos deugsaamheid, kennis, selfbeheersing, volharding. godsvrug en liefde voorkom (vgl bv 1:5-7). Hy waarsku hulle ook ernstig teen 'n losbandige leefwyse (vgl bv 2:1-22; 3:17). Dit blyk uit 1:12-15 dat Petrus die lesers wil toerus om in hulle omstandighede moreel-eties korrek te kan leef. Hy sê in 1:13 dat hy hulle deur herinnering (ἐν ὑπομνήσει) paraat wil maak (διεγείρειν). 2 Petrus 1:12-15 word daarom bestudeer met die oog op moontlike riglyne vir toerusting van gelowiges wat in 'n postmodernistiese samelewing leef.

## 1.2 Die Griekse teks van 2 Petrus 1:12-15 en 'n vertaling daarvan

| | |
|---|---|
| 12 Διὸ μελλήσω ἀεὶ ὑμᾶς ὑπομιμνῄσκειν περὶ τούτων καίπερ εἰδότας καὶ ἐστηριγμένους ἐν τῇ παρούσῃ ἀληθείᾳ. | 12 Daarom sal ek julle altyd aan hierdie dinge herinner alhoewel julle dit weet en vas staan in die waarheid wat by julle is. 13 Ek beskou dit as |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

| | |
|---|---|
| [13]δίκαιον δὲ ἡγοῦμαι, ἐφ' ὅσον εἰμὶ ἐν τουτῳ τῷ σκηνώματι, διεγείρειν ὑμᾶς ἐν ὑπομνήσει, [14]εἰδὼς ὅτι ταχινή ἐστιν ἡ ἀπόθεσις τοῦ σκηνώματος μου καθὼς καὶ ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς Χριστὸς ἐδήλω-σεν μοι, [15]σπουδάσω δὲ καὶ ἑκάστοτε ἔχειν ὑμᾶς μετὰ τὴν ἐμὴν ἔξοδον τὴν τούτων μνήμην ποιεῖσθαι. | reg om, terwyl ek nog in hierdie tentwoning is, julle deur herinnering paraat te maak, [14]omdat ek weet dat die aflegging van my tentwoning naby is, soos ons Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het. Ek sal my ook daarvoor beywer dat julle ná my heengaan hierdie dinge altyd in gedagtenis sal hou. |

## 1.3 Metodologie

Hierdie artikel word geskryf binne die grammaties-historiese model soos beoefen in die gereformeerde tradisie. In die ontleding van die gedagtestruktuur van 2 Petrus word aangesluit by die metode van gedagtestruktuurontleding wat deur Coetzee (1988:19-37) ontwikkel is, soos dit nader uitgewerk is deur Breed (1994:4-5). Woordbetekenis word volgens die metode van komponensiële analise bepaal (soos vergestalt in Breed 2000a), en die inligting in die Louw en Nida woordeboek (Louw & Nida 1988a-b) word hiertoe ontgin.

In die definiëring van die betekenisse waarvoor Griekse woorde gebruik word, word die stappe wat deur Breed (1994:6-7) aangedui is, gevolg. Hoewel al die stappe gevolg word, word nie almal in die artikel weergegee nie. In die artikel word, waar nodig, slegs aangedui waarom aanvaar word dat 'n betrokke woord in 'n semantiese veld, subdomein en vir 'n spesifieke betekenis deur die skrywer aangewend word. Daarna word slegs die resultate van die kontrastering van semantiese velde, subdomeine en betekenisse met die omliggende velde, domeine en betekenisse weergegee. Wanneer die betekenis waarvoor 'n Griekse woord gebruik word, nie 'n sentrale plek in die navorsing inneem nie, word slegs die betekenisdefinisie, soos deur Louw en Nida (1988a-b) gegee, oorgeneem.

## 1.4 Opset van die artikel

2 Petrus 1:12-15 word eerstens eksegeties ondersoek. In die eksegetiese ondersoek word opeenvolgens aandag gegee aan die tekstuele konteks van 2 Petrus 1:12-15, die paraat-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

making (διεγείρειν) wat in 1:13 ter sprake is, die paraatheid van die lesers teen die agtergrond van die vals leraars wat in 2 Petrus vermeld word en die plek wat herinnering (vgl ἐν ὑπομνήσει) in die paraatmaking van die lesers inneem. Nadat die gedeelte eksegeties ondersoek is, word gepoog om die bedoeling van die teks na die konkrete werklikheid van vandag oor te bring.

## 2. DIE TEKSTUELE KONTEKS VAN 2 PETRUS 1:12-15

2 Petrus kan in nege groter gedagte-eenhede ingedeel word, naamlik: aanhef (1:1-2 ); opsomming van die leer van die apostels (1:3-11); die doel van die skrywe (1:12-15); fundering van die gesag van die apostel (1:16-21); waarskuwing teen die vals leraars (2:1-22); die doel van die skrywe (3:1-2); die sekerheid van die koms van die Here (3:4-16); die slot van die brief (3:17-18a) en die lofprysing (3:18b) (Breed 1994:45-78).

Wanneer die twee gedagte-eenhede in 1:12-15 en 3:1-2 nader bestudeer word, is dit opmerklik dat die betekenisse "herinner" en "onthou" in altwee die gedagte-eenhede sterk deur die skrywer op die voorgrond geplaas word (vgl ὑπομιμνῄσκειν; ὑπομνήσει; μνήμην ποιεῖσθαι in 1:12-15 en ὑπομνήσει en μνησθῆναι in 3:1-2). In albei die gedagte-eenhede maak Petrus duidelik wat sy doel is wanneer hy die lesers herinner. Volgens 1:12-15 is sy doel om die lesers paraat te maak (διεγείρειν). Volgens 3:1-2 is sy doel om by die lesers 'n spesifieke gesindheid (τὴν εἰλικρινῆ διάνοιαν) op te wek (διεγείρειν). Terwyl daar in hierdie artikel aandag gegee word aan Petrus se doel om volgens 1:12-15 die lesers paraat te maak en die plek wat herinnering in hierdie paraatmaking inneem, word beoog om in 'n verdere artikel aandag te gee aan Petrus se doel om 'n spesifieke gesindheid by sy lesers op te wek en hoe hy dit deur herinnering wil bereik.

## 3. DIE PARAATMAKING (διεγείρειν) WAT IN 1:13 TER SPRAKE IS

Petrus sê in 1:13 dat hy dit as sy plig beskou om die lesers paraat te maak (διεγείρειν). Dit is belangrik dat duidelikheid verkry word oor die betekenis waarvoor Petrus die woord διεγείρω in 1:13 gebruik. Volgens Louw en Nida (1988b:62) kom διεγείρω in slegs twee semantiese velde voor, te wete *Fisiologiese prosesse en toestande* (23) en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*Geval* (90). Baie eksegete (vgl Kahman 1983:41; Mayor 1965:101; Reicke 1982:155; Van Houweling 1993:42) aanvaar dat die skrywer die woord διεγείρω as 'n figuurlike verlenging van die betekenis *om te veroorsaak dat iemand wakker word,* gebruik. Omdat Petrus in 'n groot deel van sy brief (2:1-22) die lesers waarsku teen vals leraars wat deur baie mense nagevolg sal word (vgl 2:2) en die feit dat hy aan die einde van die brief die lesers oproep om op hulle hoede te wees (vgl φυλάσσεσθε in 3:17), is dit waarskynlik dat hy, wanneer hy oor die doel van sy brief handel, die figuurlike wakkerheid van die lesers aan die orde stel. Daar kan dus saam met bogenoemde eksegete aanvaar word dat Petrus nie die woord διεγείρω in semantiese veld *Fisiologiese prosesse en toestande* (23) gebruik om die fisiologiese proses van *wakker maak* aan te dui nie, en dit ook nie as 'n merker "of a causative relation, with the implication of a significant change in state" (Louw en Nida, 1988a:805) in die semantiese veld *Geval* (90) gebruik nie.

Hoewel Louw en Nida (1988b:62) aandui dat διεγείρω net in semantiese velde 23 en 90 voorkom, kan aanvaar word dat die woord ook as 'n figuurlike verlenging van die fisiologiese betekenis *om te veroorsaak dat iemand wakker word* (23.77) gebruik kan word. 'n Duidelike voorbeeld van 'n figuurlike verlenging van 'n fisiologiese betekenis word gevind in die gebruik van die woord γρηγορέω. Die woord γρηγορέω word in semantiese veld *Fisiologiese prosesse en toestande* (23) vir die betekenis *om wakker te bly as gevolg van die noodsaak om paraat te wees* (23.72) gebruik (Louw & Nida 1988a:260). Dit word egter ook in semantiese veld *Leer* in subdomein *Gereed wees om te leer, Aandag gee* (F) as 'n figuurlike verlenging gebruik vir die betekenis *om voortdurend gereed en waaksaam te wees om te leer* (27.56). Dit blyk dat Petrus die woord διεγείρω in 1:13 in semantiese veld *Leer* in subdomein *Gereed wees om te leer, Aandag gee* (F) aanwend, en wel vir die betekenis *Om te veroorsaak dat iemand gereed is om aangaande toekomstige gevare of behoeftes te leer met die implikasie dat die persoon paraat sal wees om gepas op te tree* (27.57a[3]).

Wanneer semantiese veld 27, subdomein F en betekenis 27.57a met omliggende semantiese velde, subdomeine en betekenisse gekontrasteer word, blyk die volgende: die

[3] Aangesien Louw en Nida nie hierdie betekenis aandui nie, is 'n eie nommer aan hierdie betekenis toegeken. By die nommertoekenning is volgens die beginsel te werk gegaan dat die betekenisse vanaf die algemene na die meer spesifieke geklassifiseer word (vgl Louw & Nida 1988a:vi).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

betekeniskomponent *om te veroorsaak dat iemand inligting verkry* staan in betekenis 27.57a voorop. Die inligting wat volgens betekenis 27.57a verkry word, hou verband met toekomstige gevare of behoeftes. Wanneer inligting volgens betekenis 27.57a verkry is, hou dit gevolge in. Die persoon wat die inligting verkry het, is paraat om gepas op te tree met betrekking tot die toekomstige gevare of behoeftes.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat Petrus met die woord διεγείρειν in 1:13 wil duidelik maak dat hy wil veroorsaak dat die lesers inligting bekom wat verband hou met toekomstige gevare of behoeftes sodat hulle paraat sal wees om gepas op te tree.

## 4. PARAATMAKING TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE VALS LERAARS WAT IN 2 PETRUS BESKRYF WORD

Uit navorsing wat gedoen is oor die vals leraars wat in 2 Petrus vermeld word (vgl onder andere Cavallin 1979-270; Desjardins 1987:89-100 en Neyrey 1980:407-431), blyk dit dat daar in enige studie wat oor 2 Petrus gedoen word, rekening gehou moet word met die vals leraars wat in 'n baie groot deel van die brief aan die orde is (vgl veral 2:1-3:4)[4]. Petrus se doel om die lesers paraat te maak teen enige gevare of behoeftes (vgl punt 3) word daarom nou teen die agtergrond van die vals leraars bestudeer. In die bestudering word eerstens aandag gegee aan die werkwyse van die leraars en die gevolge wanneer hulle nagevolg word. Tweedens word die kwesbaarheid van die lesers deur die werk van die leraars nagegaan.

### 4.1 Die werkwyse van die vals leraars en die gevolge wanneer hulle nagevolg word

In hoofstuk 2 beklemtoon Petrus die werkwyse wat die leraars gevolg het en die gevolge wat dit inhou wanneer hulle nagevolg word. Dit word nou nader ondersoek.

[4] Breed (1994:32-33) toon aan dat Petrus met die vals leraars wat hy in 2 Petrus 2 beskryf, dieselfde mense op die oog het as met die spotters wat hy in 2 Petrus 3 aan die orde stel (vgl Rabali 1992:144 wat 'n onderskeid tref tussen die leraars en die spotters).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**4.1.1 Die inbring van 'n vreemde leer (2:1-2)**

Petrus sê in 2:1 dat die vals leraars hulle leringe sal insmokkel (παρεισάξουσιν). Met die woord παρεισάγω dui Petrus aan dat die leraars hulle leringe van buite af sal inbring (vgl Louw & Nida 1988a:163) en dat hulle dit op 'n onderduimse wyse sal doen (vgl Bauckham 1983:239; Green 1977:94 en Van Houwelingen 1993:56). Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie beskrywing van die leraars se optrede deel is van 'n gedeelte (1:16-2:3) waarin Petrus deur 'n omgekeerde parallelisme die ware profete van die Ou-Testamentiese tyd en die apostels van Jesus Christus met die vals profete van die Ou-Testamentiese tyd en die vals leraars by sy eerste lesers/hoorders kontrasteer. Die struktuur van die parallelisme kan soos volg uiteen gesit word:

1:16-18 Apostels (A) 1:19-22 OT-profete (B)



2:1a OT vals profete (B) 2:1b-3 Die vals leraars (A)

Wanneer Petrus binne hierdie kontrastering sê dat die leraars op 'n onderduimse wyse hulle leer sal inbring, kan daarvan afgelei word dat die leraars daarop sou aanspraak maak dat hulle leer nie van die leer van die Ou-Testamentiese profete en van dié van die apostels verskil nie. Die feit dat Petrus in 3:16 stel dat die leraars gedeeltes van Paulus se briewe en die ander "Skrifte" (γραφὰς) verdraai, bevestig hierdie afleiding. Die leraars sou dus 'n vreemde leer aan die lesers verkondig maar dit onderduims voorhou as 'n leer wat ooreenkom met die leer van die Ou-Testamentiese geskrifte en die apostels van Jesus Christus.

Petrus beklemtoon in 2:1-2 die gevolge wanneer hierdie vreemde leer aanvaar word. Hy verklaar die leer met die genitief ἀπωλείας. Die genitief ἀπωλείας kwalifiseer die leer van die leraars ten opsigte van *gevolg* (Breed 1994:234). Petrus wil dus met die genitief duidelik maak dat die leer tot vernietiging lei (vgl Louw & Nida 1988:a232 vir die betekenis waarvoor ἀπωλείας aangewend word). In die lig daarvan dat Petrus in die brief telkens die eskatologiese oordeel ter sprake bring (vgl bv 2:4 en 3:7), kan aanvaar word dat hy ook met ἀπωλείας in 2:1 'n eskatologiese vernietiging



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aan die orde stel. Wie die leraars volg, sal eskatologies geoordeel word, omdat dit 'n verderflike dwaalleer is.

Daar is egter 'n verdere gevolg wanneer mense hierdie leer aanhang. Volgens 2:2 sal baie mense die losbandigheid (ταῖς ἀσελγείαις) van die vals leraars volg (ἐξακολουθήσουσιν). Louw en Nida (1988a:510) toon aan dat die woord ἐξακολουθέω aangewend word vir die betekenis *om gedrag presies na te boots*. Die gedrag wat die mense naboots, word deur die woord ἀσελγείαις aangedui. Hierdie woord word in 2:2 aangewend in die semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88). Petrus dui daarmee 'n gedragwyse aan waarvolgens iemand alle morele behoudendheid oorboord gooi (vergelyk Louw & Nida 1988a:771). Dit blyk dus dat die gevolge van die aktiwiteite van die vals leraars sal wees dat die mense wat hulle aanhang, immoreel begin lewe. Wanneer hierdie mense begin om immoreel op te tree, word die weg van die waarheid (ἡ ὁδὸς τῆς ἀληθείας) volgens 2:2 belaster (βλασφημηθήσεται). In 1:12 het Petrus gestel dat die lesers vasstaan in die waarheid (ἀλήθεια). Met die woord ἀλήθεια in 1:12 verwys hy na die apostoliese leer soos dit in 1:3-11 opgesom word (Breed 1994:236). In aansluiting hierby kan aanvaar word dat ἀληθείας in 2:2 ook na die leer van die apostels verwys. Die feit dat hy nie net na die *waarheid* verwys nie, maar na die *weg van die waarheid*, toon aan dat Petrus oor 'n "verwirklichende Lebenslehre" handel (Grundmann 1974:90-1; vgl ook Floor 1992:192 se verklaring van ἀλήθεια in Jak 5:19). Die mense wat, in navolging van die vals leraars, immoreel gaan optree, gaan die apostoliese leer soos dit in die praktyk uitgeleef word, in diskrediet by die nie-Christene bring.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die vals leraars dus 'n vreemde leer aan die lesers sou verkondig maar dit onderduims sou voorhou as 'n leer wat ooreenkom met die leer van die profete en die apostels. Hulle arbeid het slegte gevolge ingehou. Hulle arbeid sou daartoe lei dat mense immoreel begin optree en eskatologies geoordeel sal word. 'n Verdere gevolg, is dat nie-Christene 'n slegte indruk kry van die apostoliese leer soos dit in die praktyk uitgeleef word.

#### 4.1.2 Uitbuiting van die lesers (2:3)

In 2:3 sê Petrus dat die leraars die lesers sal uitbuit (ἐμπορεύσονται). Die woord ἐμπορεύομαι dui 'n daad aan waardeur daar uit iemand voordeel getrek word deur voor



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

te hou dat iets meer werd is as wat dit werklik is (Louw & Nida 1988a:759). Die leraars doen dít deur stories wat hulle self uitdink (vgl Louw & Nida 1988b:674 vir die betekenis waarvoor die woord πλαστός in 2:3 gebruik word). Anders as die apostels wat nie kunstig verdigte fabels (σεσοφισμένοις μύθοις) aan die lesers verkondig het nie (vgl 1:16), verkondig die leraars opgemaakte stories. Die feit dat Petrus sê dat die leraars deur die opgemaakte stories voordeel uit die lesers sou trek en dat hulle hebsugtig is (vgl πλεονεξίᾳ in 1:3), laat blyk dat die leraars van die lesers lewensonderhoud sou ontvang. Uit gedeeltes soos 1 Korintiers 8:1-14, 1 Timoteus 5:17-18 en Romeine 15:22-28 is dit duidelik dat die versorging van verkondigers van die evangelie 'n belangrike plek in die Nuwe-Testamentiese kerke ingeneem het. Die gelowiges het die verantwoordelikheid gehad om verkondigers van die evangelie van die nodige lewensonderhoud te voorsien. Dit blyk dat lesers, wat onder die indruk was dat die vals leraars as gesante van Jesus Christus optree, bereid was om tot hierdie leraars se lewensonderhoud by te dra. Wie egter bydra tot hulle versorging, word uitgebuit aangesien hierdie mense nie ware gesante van Jesus Christus is nie, maar mense wat opgemaakte stories vertel.

### 4.1.3 Verleiding deur die sonde aantreklik voor te hou (2:14)

Volgens 2:14 het die leraars mense verlei (δελεάζοντες). Die woord δελεάζοντες verwys na 'n daad waarin iemand tot sonde verlei word deur die sonde as aantreklik voor te stel (vgl Louw & Nida 1988a:775). Die leraars het dus op 'n sekere wyse die sonde as aantreklik aan mense voorgehou. Hoe die sonde aantreklik voorgestel is, word nie in 2:14 gesê nie.

### 4.1.4 Verleiding deur aanmatigende woorde (2:18)

Petrus maak dit in 2:18 duidelik dat die leraars mense met hulle woorde kon beïndruk. Hy sê dat die leraars aanmatigende (ὑπέρογκα) woorde gebruik het (vgl Louw & Nida 1988a:432 vir die betekenis waarvoor ὑπέρογκος in 2:18 gebruik word). Petrus stel teenoor die aanmatiging van hulle woorde, die sinloosheid (ματαιότητος) daarvan (Bauckham 1983:274). Hierdie kontrastering dui daarop dat Petrus met ὑπέρογκα nie soseer op die arrogansie van die leraars se woorde wil wys nie, maar op die indrukwekkendheid van die woorde. Hulle het indrukwekkende woorde gebruik, maar die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

woorde was leeg. Hierdie interpretasie word ook bevestig deur die feit dat Petrus sê dat hulle die aanmatigende woorde *gesê het* (φθεγγόμενοι). Met die woord φθέγγομαι laat Petrus die klem val op die klank wat hulle gemaak het en nie op die inhoud van wat gesê is nie (vgl Louw & Nida 1988a:398). Dit blyk dat die leraars daarin kon slaag om mense te verlei deur indrukwekkende woorde te gebruik. In watter opsig die woorde indrukwekkend was, word later in die artikel aangedui (vgl punt 4.1.5).

Petrus dui met die frase ἐν ἐπιθυμίαις σαρκὸς ἀσελγείαις die instrument aan wat die leraars gebruik om mense te verlei. Die leraars vind aansluiting by die *begeertes* (ἐπιθυμίαις) van mense (vgl Jak 1:14-15) en gebruik dit om die mense tot 'n losbandige leefwyse te verlei. Wanneer die leraars indrukwekkende woorde gebruik om mense te verlei, vind hulle aansluiting by die sondige begeertes in die mens.

### 4.1.5 Beloftes van vryheid (2:19-21)

Die leraars het volgens 2:19 aan mense vryheid (ἐλευθερίαν) belowe. Dit blyk uit 2 Petrus dat die vryheid wat die leraars beloof het, met God se betrokkenheid by die skepping verband gehou het. Neyrey (1980:407-431) toon aan dat die leraars ontken het dat God in hierdie lewe, of in die lewe hierna, sal oordeel. Hierdie ontkenning van God se oordeel deur die vals leraars blyk, soos Neyrey aantoon, uit die spotvraag van die leraars in 3:4 en uit die briefskrywer se antwoord wanneer hy die lesers op die sekerheid van die oordeel wys (vgl 3:5-7). Dit blyk ook dat die skrywer in die brief die klem dikwels daarop laat val dat die dood nie die finale einde is nie, maar dat God die onregverdiges in bewaring hou vir die oordeel wat kom (vgl 2:4, 9, 17). Petrus beklemtoon ook in die brief die bestemming van die getroues ná hierdie lewe (vgl 1:11 en 3:13). Daar kan dus aanvaar word dat die leraars verkondig het dat God Hom nie steur aan die leefwyse van die mens nie en dat Hy nie in hierdie lewe of in die lewe hierna sal oordeel nie. Dit was die vryheid wat die leraars verkondig het.

Die vryheid wat die leraars belowe het, moet in verband gebring word met die optrede van die leraars om die sonde aantreklik voor te stel (vgl 2:14 en punt 4.1.4). Die weg wat die leraars volg om die sonde as aantreklik voor te stel, was deur te verkondig dat mense vry is om aan hulle sondige begeertes toe te gee en dat hulle nie vir die oordeel van God hoef te vrees nie. Die "vryheid" wat die leraars beloof het, gee ook 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aanduiding wat die inhoud was van die indrukwekkende maar leë woorde wat die leraars volgens 2:18 gebruik het (vgl punt 4.1.4). Die leraars het mense beïndruk deur te verkondig dat God nie die mens sal oordeel nie. Vir hierdie standpunt het hulle hulle op die profete en die apostels beroep. Dit was egter leë woorde, want God se oordeel staan vas. Die profete en die apostels het juis verkondig dat die dag van die Here sál aanbreek en dat die Here dan gaan oordeel.

Nadat Petrus in 2:19 gestel het dat die leraars mense verlei deur aan hulle vryheid te belowe, maak hy in 2:20-22 duidelik wat die gevolge sal wees wanneer iemand wat reeds in heiligmaking begin groei het, weer deur die besmettings van die wêreld oorwin word. Volgens 1:20 het die laaste dinge (τὰ ἔσχατα) vir so 'n persoon erger geword (χείρονα γέγονεν) as die eerste (τῶν πρώτων). Die "eerste dinge" verwys klaarblyklik na die toestand waarin mense verkeer het voordat hulle deur die kennis van Jesus Christus die besmettings van die wêreld ontvlug het. Wanneer hierdie mense toelaat dat hulle weer deur die sonde oorheers word, keer hulle dus nie net na die toestand van die ongelowige terug nie, maar is erger daaraan toe as die ongelowige (vgl Matt 12:45 en Luk 11:26 wat laat blyk dat Petrus in 2:20 by die woorde van Jesus aansluit). Die verskriklike toestand waarheen 'n verbondsmens terugkeer wanneer hy weer immoreel begin lewe, word ook in 2:22 met 'n spreekwoord wat verwys na twee diere wat in Israel as uiters onrein diere beskou is (Groenewald 1977:135), uitgebeeld. So iemand, sê Petrus, is soos 'n hond wat na sy braaksel terugkeer en 'n skoongewaste vark wat weer in die modder rol.

## 4.2 Die kwesbaarheid van die lesers deur die vals leraars

Volgens 2:2 sou baie mense volgelinge word van die vals leraars. Die vraag is of Petrus bedoel het dat die lesers ook kwesbaar was vir die leer van die vals leraars. Daar word daarom nou nader ondersoek ingestel na die kwesbaarheid van die lesers soos wat dit in die brief na vore kom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In 2:14 maak Petrus duidelik watter mense kwesbaar is vir die invloed van die leraars. Hy sê die leraars verlei onstandvastige mense[5] (ψυχὰς ἀστηρίκτους). Petrus gebruik die woord ἀστήρικτος om 'n onsekerheid en huiwering in standpunte aan te dui (vgl Louw & Nida 1988b:37). Met dié woord verwys Petrus na mense wat huiwerig is in hulle standpunt oor die waarheid en wat maklik van standpunt kan verander. Daar kan aanvaar word dat die waarheid wat in 2:14 ter sprake is, dieselfde waarheid is waarna Petrus in 1:12 verwys. Ἀληθείᾳ in 1:12 verwys na die leer van die apostels soos wat dit aan die lesers verkondig is en soos dit deur Petrus in 1:3-11 opgesom is (vgl Breed 1994:161). Die vals leraars rig hulle dus op mense wat onseker is oor die leer van die apostels.

Petrus meld in 1:12 dat die lesers *vasstaan* (ἐστηριγμένους) in die waarheid (ἀληθείᾳ) wat by hulle is. Deur die gebruik van die woord ἐστηριγμένους beklemtoon Petrus dat daar veroorsaak is dat die lesers gegroei het in standvastigheid ten opsigte van hulle houding of geloof (vgl Louw & Nida 1988b:228). Deur die gebruik van die perfektum passiewe deelwoord van στηρίζω maak Petrus duidelik dat daar reeds veroorsaak is dat die lesers meer en meer standvastig geraak het in hulle houding en geloof – hulle is nou reeds gevestig daarin.

Uit die voorafgaande kom dit dus voor asof die lesers nie werklik kwesbaar was vir die invloed van die vals leraars nie. Hulle was immers gevestig in hulle standpunte. In 3:17 handel Petrus egter uitdruklik oor die standvastigheid van die lesers en die moontlike invloed van die vals leraars op hulle. In hierdie vers roep hy die lesers op om op hulle hoede te wees (φυλάσσεσθε) sodat hulle nie meegesleep word deur die dwaling van mense en dan uit te val (ἐκπέσητε) uit hulle standvastigheid (στηριγμοῦ) nie. Dit blyk dus dat lesers wat vas staan in die leer van die apostels, nie gevrywaar is van die invloed van die vals leraars nie. Indien hulle hul waaksaamheid sou verslap, kan hulle deur die leraars beïnvloed word en hulle standvastigheid verloor.

Uit 2:18 kan afgelei word dat daar in die midde van die lesers 'n groep mense was wat wel onseker was oor die leer van die apostels en daarom kwesbaar was deur die arbeid van die leraars. Petrus sê dat die vals leraars mense verlei wat onlangs (ὀλίγως)

---

[5] Die woord ψυχὰς verwys hier na mense (vgl Bauckham 1983:266-267; Van Houweling 1993:70; Louw & Nida 1988a:106).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dié mense ontvlug het wat in dwaling wandel. Petrus verwys dus na mense wat onlangs tot geloof gekom het. Hierdie mense was nog nie onwrikbaar oortuig van hulle standpunte en gevestig in 'n leefwyse wat verskil van die leefwyse van die leraars nie, en kon maklik verlei word om weer na hulle ou leefwyse terug te keer.

Uit bostaande blyk dit dat die lesers kwesbaar was vir die invloed van die vals leraars. Hoewel die lesers standvastig was ten opsigte van die leer van die apostels, kon hulle hul standvastigheid verloor as hulle hul waaksaamheid sou verslap. Dit was in besonder die mense wat pas tot geloof gekom het wat baie kwesbaar was vir die invloed van die leraars. Hulle was nog nie gevestig in hulle standpunte nie en die leraars sou hulle maklik kon beïnvloed.

## 5. DIE PLEK WAT HERINNERING IN DIE PARAATMAKING VAN DIE LESERS INNEEM

Die wyse waarop Petrus wil veroorsaak dat die lesers op hulle hoede en gereed is, word in 1:13 met ἐν ὑπομνήσει aangedui. Petrus wil die lesers *deur herinnering* paraat maak. Daar word nou nader ondersoek ingestel na die plek wat herinnering in die paraatmaking van die lesers inneem deur eerstens die betekenis waarvoor Petrus die woord ὑπομνήσει in 1:13 gebruik, nader te ondersoek. Tweedens word die hoedanigheid waarin Petrus die lesers herinner, nagegaan en daarna word aandag gegee aan die inligting waaraan Petrus sy lesers herinner en aan die paraatheid wat hierdie inligting aan die lesers bied.

### 5.1 Die betekenis waarvoor Petrus die woord ὑπομνήσει in 1:13 gebruik

Louw en Nida (1988a:347) toon aan dat ὑπόμνησις in slegs een van die subdomeine in die semantiese veld *Geheue en oproep* (29) funksioneer, te wete subdomein B, en vir een betekenis in hierdie subdomein, naamlik *om te veroorsaak dat inligting uit die geheue opgeroep word en weer daaroor gedink word* (29.10). Wanneer die semantiese veld *Geheue en herinner* (29), subdomein B en betekenis 29.10 in die geheelkonteks van ander semantiese velde, domeine en betekenisse geplaas word, blyk dit dat ὑπομνήσει in 1:13 na die berging en die oproep van inligting uit die geheue verwys. Dit blyk ook dat dit verband hou met 'n daad waardeur daar veroorsaak word dat inligting uit die geheue opgeroep word en dat daar weer opnuut en helder daaroor gedink word. Petrus wil dus



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

met die woord daarop wys dat hy die lesers paraat wil maak deur *te veroorsaak dat hulle inligting waaroor hulle beskik uit hulle geheue oproep en weer nuut en helder daaroor dink.*

### 5.2 Petrus se roeping om die lesers deur herinnering paraat te maak

Petrus sê in 1:13 dat hy dit as reg beskou (δίκαιον ἡγοῦμαι) om die lesers deur herinnering paraat te maak. Dit blyk dat Petrus die verhouding tussen homself as apostel en Jesus Christus as sy Sender sterk op die voorgrond stel. In 1:1 maak hy duidelik dat hy in onderdanigheid (vgl δοῦλος) en as gesant van Jesus Christus (vgl ἀπόστολος) aan die lesers skryf. In 1:16-18 word sy apostelskap ook beklemtoon wanneer hy meld dat hy by die verheerliking teenwoordig was (Breed 1994:97). Wanneer Petrus in 3:2 na die gebod (ἐντολῆς) verwys as die gebod van die apostels (τῶν ἀποστόλων) en van die Here en Verlosser (κυρίου καὶ σωτῆρος) trek hy daarmee 'n verbindingslyn tussen die gebod, die apostels en die Here Jesus. Die gebod wat die lesers volgens 3:2 moet onthou, is die gebod van die apostels, want hulle het dit ontvang en moes dit verkondig. Die gebod is egter primêr die gebod van die Here, want Hy het dit oorspronklik aan die apostels gegee (Breed 1994:187). Daar kan daarom aanvaar word dat die skrywer met die frase δίκαιον δὲ ἡγοῦμαι in 1:13 nie slegs wil bekend maak wat hy as die gepaste optrede beskou nie (vgl Louw & Nida 19881:627 vir die betekenis waarvoor die woord δίκαιον in 1:13 gebruik word). Gepaste optrede verwys in die lig van die verhouding tussen die skrywer en Jesus Christus (1:1) na dit wat Jesus Christus van 'n getroue dienskneg van Hom verwag. Hierdie interpretasie word ook gestaaf deur die feit dat die skrywer in 1:13-14 sy verhouding met Jesus Christus op die voorgrond stel (Breed 1994:171).

Dit blyk dat Petrus wil beklemtoon dat hy nie die lesers slegs uit eie oorweging herinner nie. Hy herinner hulle as gesant van Jesus Christus. Die leer waaraan hulle herinner word, kom dus tot hulle met die gesag van Jesus Christus self.

### 5.3 Die inhoud van die herinnering

Petrus sê nie in 1:13 aan watter inligting hy wil hê die lesers weer nuut moet dink nie. In 1:12 sê hy egter dat hy die lesers "aangaande hierdie dinge" (περὶ τούτων) wil herinner. Dit het reeds geblyk dat τούτων in 1:12 na die leer van die apostels verwys soos dit in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1:3-11 opgesom is (vgl punt 4.2). Waarskynlik verwys die herinnering in 1:13 ook na die leer van die apostels soos dit in 1:3-11 opgesom word. Hy wil die lesers paraat maak deur te veroorsaak dat hulle nuut dink oor die leer van die apostels soos hy dit in 1:3-11 opsom. Dit is daarom vir die doel van hierdie artikel nodig om die opsomming van die leer in 1:3-11 nader te ondersoek. Dit is gedoen deur Breed (2000a-c), en kom kortliks op die volgende neer:

Die opsomming in 1:3-11 bestaan uit drie kleiner gedagte-eenhede wat soos volg uiteengesit kan word:

- 1:3-4 Historiese of teologiese gedeelte
- 1:5-10 Etiese aanmoedigingsgedeelte
- 1:11 Eskatologiese gedeelte

*Die historiese gedeelte* (1:3-4) fokus op die feit dat Jesus Christus deur 'n innige verhouding (vgl διὰ τῆς ἐπιγνώσεως) met die apostels (vgl die eerste persoon meervoud ἡμῖν) aan hulle die geloofswaarhede (vgl πάντα) gegee het. Die doel waarmee Hy dit aan hulle gegee het, is dat dit daartoe sal lei dat die apostels die ware en ewige lewe sal hê en dat dit vir hulle moontlik sal wees om volgens God se wil te lewe. Deur die innige verhouding het Jesus Christus ook aan die apostels kosbare en die allergrootste beloftes (aangaande die koms van die dag van die Here, vgl 3:8-16) geskenk. Die apostels is geroep om hierdie geloofswaarhede te verkondig. In die historiese gedeelte word ook benadruk dat die lesers, nadat hulle die geloofswaarhede wat aan hulle verkondig is, aanvaar het, in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom het. Dit het daartoe gelei dat hulle die morele verdorwenheid begin ontvlug het.

In *die etiese aanmoedigingsgedeelte* (1:5-11) verduidelik Petrus dat die lesers nie met die gronddeug, geloof, wat hulle ontvang het, mag volstaan nie. Hulle moet 'n lewe volgens God se wil (vgl die deugdelys in 1:5-7) by hulle geloof voeg. Vir hierdie oproep dien die verbondsverhouding van die lesers met God (1:4b) as begronding: juis omdat die lesers in 'n verbondsverhouding met God staan, moet hulle lewe gekenmerk word deur deugde soos deugsaamheid (ἀρετήν), kennis (γνῶσιν), selfbeheersing (ἐγκράτειαν),



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

volharding (ὑπομονήν), godsvrug (εὐσέβειαν) en twee soorte liefde, onder mekaar en vir alle mense (φιλαδελφίαν en ἀγάπην). Petrus motiveer in 1:8-11 die lesers verder deur eerstens vir hulle op die positiewe gevolge te wys indien hulle hulle lewe volgens God se wil inrig: dit sal hulle ywerig maak in hulle verhouding met Jesus Christus, en dit sal vir hulle vrugte dra in hierdie verhouding. Om die lesers te motiveer om by hulle geloof 'n lewe volgens God se wil te voeg, wys Petrus in 1:9 vir die lesers op die toestand waarin iemand verkeer wat volgens sy eie begeertes lewe: 'n totale onvermoë om te verstaan dat 'n mens wat in 'n verbondsverhouding met God staan, 'n lewe volgens God se wil behoort te lei. Hy vergeet dat sy doop hom daarop wys dat Jesus Christus se verlossing 'n radikale breuk met die ou lewe bewerk het en aan hom 'n lewe volgens God se wil gegee het (vgl τοῦ καθαρισμοῦ τῶν πάλαι αὐτοῦ ἁμαρτιῶν). Petrus motiveer die lesers verder tot 'n eties korrekte lewe deur duidelik te maak dat, as hulle hulle lewe volgens God se wil inrig, hulle daardeur hulle roeping en uitverkiesing bevestig. Petrus beklemtoon dat dit gevolge sal hê wanneer iemand sy roeping en verkiesing bevestig: hy sal nooit só struikel dat hy nie die ewige koninkryk van Jesus Christus sal beërwe nie.

Wanneer Petrus in 1:11 *die eskatologiese aspek* aan die orde stel, verbind hy die verantwoordelikheid van die lesers om hulle geloof met 'n lewe volgens God se wil te verryk, met die ingang in die ewige koninkryk. Vir dié mens wat by sy geloof 'n lewe volgens God se wil byvoeg (vgl ἐπιχορηγήσατε in 1:5), sal Jesus Christus, die Verlosser, ook uit genade toegang tot sy koninkryk byvoeg (vgl ἐπιχορηγηθήσεται in 1:11).

### 5.4 Die paraatheid wat herinnering aan die apostoliese leer bied

In punt 5.3 is die besonderhede aangedui van die apostoliese leer waaraan Petrus die lesers herinner. Hierdie besonderhede word nou ondersoek om te bepaal watter paraatheid die apostoliese leer aan die lesers sou bied.

#### 5.4.1 Die vermoë van die lesers om ware en vals verkondigers te eien

In punt 5.3 is beredeneer dat dit uit 1:3-4b blyk dat dit juis die apostels is wat die geloofswaarhede van Jesus Christus ontvang het, en wel deur 'n innige verhouding met Hom. Christus se doel hiermee was dat die apostels die ware en ewige lewe sou ontvang



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en dat dit vir hulle moontlik sou wees om volgens God se wil te lewe. Deur hulle innige verhouding met Jesus Christus het die apostels kosbare en die allergrootste beloftes oor die koms van die dag van die Here ontvang.

In punt 3 is beredeneer dat daar volgens Petrus lesers sou wees wat die vals leraars as verkondigers van God se Woord sou ag en wat aan hulle die respek wat sulke verkondigers toekom, sou gee. As die lesers nuut oor die leer van die apostels dink, soos Petrus dit in 1:3-11 opsom, sou hulle weet dat die leraars nie ware gesante is nie. Mense wat waarlik as gesante van Jesus Christus die geloofswaarhede verkondig, behoort soos die apostels 'n innige verhouding met Jesus Christus te hê. Hulle moet sekerheid hê dat hulle die ware en ewige lewe ontvang het en hulle moet hulle lewens volgens God se wil inrig. Hulle moet ook die wonderlike beloftes aangaande die dag van die Here hoog ag. Die teendeel blyk waar te wees van die vals leraars. Hulle het 'n lewe volgens eie begeertes voorgestaan (vgl Punt 3), hulle het juis Jesus Christus met hulle vals leer verloën (vgl 2:1) en het verkondig dat daar geen oordeel sal wees ná hierdie lewe nie.

### 5.4.2 Die verbondsverhouding met God as motivering om moreel-eties korrek te leef

Petrus wil volgens punt 5.3 veroorsaak dat die lesers weer daaroor dink dat hulle in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom het. Uit punt 4.1.5 is dit duidelik dat die leraars juis die verhouding tussen God en die lesers verkleineer het. Volgens hulle hoef die lesers glad nie in die wyse hoe hulle hul lewe inrig, met God rekening te hou nie. Hulle het verkondig dat God nie in hierdie lewe of in die lewe hierna sal oordeel nie. Die mense wie se verbondsverhouding met God op die voorgrond staan, het egter 'n ander innerlike motivering om God te dien as vrees vir God se oordeel. Hulle verhouding met God is vir hulle kosbaar en hulle *wil* hul lewe volgens God se wil inrig.

### 5.4.3 'n Leefwyse wat vir God welbehaaglik is

Daar is in punt 5.3 aangetoon dat Petrus sy lesers paraat wil maak deur hulle te herinner aan die veranderings wat in hulle lewe gekom het nadat hulle in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom het. Wie die leer wat die apostels van Jesus Christus ontvang het, aanvaar het en in 'n verbondsverhouding met God te staan kom, begin om die morele



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verdorwenheid in hierdie wêreld te ontvlug. Hulle het die verantwoordelikheid om nie met die geloofswaarhede te volstaan nie, maar 'n lewe volgens God se wil by die geloof te voeg waarin deugde soos deugsaamheid, kennis, selfbeheersing, volharding, godsvrug en liefde op die voorgrond staan. In punt 4.1.1 is beredeneer dat die leraars daarop aanspraak gemaak het dat hulle nie 'n ander leer verkondig het as die profete van die Ou-Testamentiese bedeling en as die apostels nie. Die valsheid van hierdie aanspraak is onmiddellik duidelik wanneer onthou word dat 'n lewe volgens God se wil sentraal staan in die leer van die apostels terwyl die leraars 'n lewe volgens eie begeertes verkondig het.

### 5.4.4 Die belangrikheid van 'n lewe volgens God se wil

In punt 5.3 is reeds aangetoon dat 'n herinnering aan die leer van die apostels en in besonder die verbondsverhouding tussen God en die lesers aan die lesers 'n innerlike motivering sou gee om nie gehoor te gee wanneer die leraars die sonde aantreklik voorstel nie. Wanneer die lesers die leer van die apostels weer nuut onder oë kry, sal hulle verdere motivering ontvang om nie toe te gee aan die verleiding van die leraars nie.

- Hulle sal begryp watter ingrypende positiewe gevolge dit het as hulle nie sou toegee aan die verleiding van die leraars nie maar hulle lewe volgens God se wil inrig.
- Die leer van die apostels sal die lesers ook weer laat besef in watter verskriklike toestand hulle sal verval wanneer hulle die leraars met hulle leer oor die vryheid van die mens navolg.
- As die lesers die leer van die apostels duidelik voor oë het, sal hulle begryp dat slegs dié mense wat waarlik verlos is en daarom vanuit hulle verhouding met God by hulle geloof 'n lewe volgens God se wil gevoeg het, toegang tot die ewige koninkryk van Jesus Christus verkry.

## 6. DIE HERMENEUSE VAN 2 PETRUS 1:13-14

Die voorafgaande studie bied 'n aantal riglyne vir die paraatmaking van gelowiges wat in 'n postmodernistiese samelewing leef.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 6.1 Die noodsaaklikheid om verbondsmense in die huidige tydgees paraat te maak

In punt 1.2 is aangedui dat gelowiges as gevolg van die postmodernistiese tydgees al hoe meer in 'n wêreld leef waarin die mens op die moreel-etiese terrein vry is om volgens eie begeerte op te tree. In navorsing wat in verskillende lande gedoen is oor die verband tussen moraliteit en religie, bevind Halman en Petterson (1996:44) dat "... the religious sector appears to be effected by the same cultural changes as the non-religious sector." Hulle wys daarop dat "the churches appear to follow the general processes of increasing permissiveness reluctantly." In punte 4.1.1 en 4.1.5 is beredeneer dat dit ernstige gevolge inhou wanneer mense wat in 'n verbondsverhoudig met God leef, immoreel begin leef. 'n Immorele lewe lei daartoe dat verbondsmense hulle sekerheid oor die ware leer verloor, dat hulle vaster draai in die sonde as 'n nie-Christen wat nooit die leer van die apostels aanvaar het nie en dat die praktiese uitlewing die leer van die apostels in diskrediet bring. 'n Immorele lewe kan ook tot die eskatologiese oordeel lei. Dit blyk dus dat dit van groot belang is dat gelowiges paraat gemaak word om hulle lewe volgens God se wil in te rig.

### 6.2 Uitkomste vir paraatmaking

Uit die voorgaande studie kan sekere uitkomste geformuleer word vir die paraatmaking van gelowiges. Gelowiges behoort sodanig toegerus te word dat hulle:

- vals leraars kan herken, al sou die leraars voorgee dat hulle gesante van Jesus Christus is (vgl punt 4.1.2);
- 'n vals leer kan eien, al sou beweer word dat die leer ooreenkom met die leer van die profete en die apostels (vgl punt 4.1.1) en al sou die valsheid daarvan deur welsprekendheid verberg word (vgl punt 4.1.4);
- nie deur hulle eie begeertes meegevoer sal word wanneer die vermeende vreugde van 'n lewe volgens eie begeertes aan hulle voorgehou word (vgl punt 4.1.4) of verkondig word dat God Hom nie aan die leefwyse van mense steur nie;
- gemotiveerd heilig *wil* lewe (vgl punte 5.4.2 en 5.4.4).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 6.3 Die mense wat teen 'n immorele lewe paraat gemaak moet word

Uit punt 4.2 blyk dit dat daar in die paraatmaking teen 'n immorele lewe besondere aandag gegee behoort te word aan mense wat pas tot geloof gekom het. Omdat hulle nog nie gevestig is in hulle standpunte nie, sou hulle maklik tot 'n immorele lewe beïnvloed kon word. Dit is egter uit punt 4.2 duidelik dat die toerusting van mense wat lank reeds gevestig is in die leer van die apostels, nie nagelaat kan word nie.

### 6.4 Paraatheid deur herinnering

Wanneer gelowiges in 'n postmoderne samelewing teen immoraliteit paraat gemaak word, behoort herinnering aan die leer van die apostels 'n belangrike plek in hierdie paraatmaking in te neem. Dit blyk uit punt 5 dat wanneer gelowiges gelei word om voortdurend nuut en helder oor die leer van die apostels dink, hulle daardeur teen 'n immorele lewe toegerus word.

### 6.5 Die besondere paraatheid wat die leer van die apostels bied

Dit is uit die artikel duidelik dat die leer van die apostels aan gelowiges besondere paraatheid bied teen 'n immorele lewe.

#### 6.5.1 Boordeling van verkondigers

Edgar (1995:375-376) en Van Niekerk (1998:371-374) toon aan dat verskeie teoloë die postmodernisme navolg. Omdat gelowiges tradisioneel dikwels teoloë as gesante van God sien, sou uitsprake van postmodernistiese teoloë waarin byvoorbeeld die moontlikheid dat die Skrif op moreel-etiese terrein leiding kan gee, bevraagteken word, vir gelowiges baie verwarrend wees. Dit is uit die voorgaande studie duidelik dat die leer van die apostels aan die gelowiges sekere riglyne bied waarvolgens hierdie teoloë beoordeel kon word. Ware gesante van Jesus Christus leef in 'n persoonlike verhouding met Hom, hulle het sekerheid oor die ewige lewe, hulle lewe getuig van heiligmaking en hulle ag die beloftes van God aangaande die dag van die Here wat kom, hoog (vgl punt 5.4.1).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 6.5.2 Gesagvolle leiding

In aansluiting by die postmodernisme se teëstand teen enige *grant récit* (vgl punt 1.2) word die feit dat die Skrif op die moreel-etiese terrein gesagvolle leiding gee, soms deur teoloë bevraagteken. Manenschijn en Reinders (1991:166-167) ontken byvoorbeeld "dat de bijbel openbaring van een met gezag beklede moraal inhoudt." Botha (1993:56) stel dit dat daar ten opsigte van die etiese afskeid geneem moet word van transendentale fundering omdat die werklikheid "wat ook ons praatjies oor God insluit" mensgemaak is. Ook Vorster (1994:125) ontken dat "certain principles for action may be derived from universal truth." Teenoor hierdie standpunt stel Petrus uitdruklik dat die leer van die apostels op moreel-etiese gebied gesagvolle leiding gee. Die leer van die apostels is gesagvol omdat dit die gesag van Jesus Christus self dra (vgl punt 5.2). Wie sy lewe nie volgens hierdie leer wil inrig nie, weerstaan nie 'n mensgemaakte *grant récit* nie, maar is ongehoorsaam aan Jesus Christus self.

### 6.5.3 Leiding tot heiligmaking

In 'n postmodernistiese samelewing, waarin die vryheid van die mens op die moreel-etiese terrein op die voorgrond staan (vgl punt 1.2), gee die leer van die apostels aan gelowiges leiding. Die gelowige wat die leer van die apostels helder voor oë het, sal weet dat mense wat tot geloof gekom het, begin het om die morele verdorwenheid in hierdie wêreld te ontvlug en dat ware gelowiges met ywer 'n lewe volgens God se wil by hulle geloof voeg (vgl punt 5.4.3).

Wanneer gelowiges met ywer volgens die leer van die apostels na heiligmaking streef, onderwerp hulle hulle nie aan die "totalizing power of reason" (Olthuis 1996:459) van die modernisme nie. Gelowiges wat nuut en helder oor die leer van die apostels dink, is vanuit hulle verbondsverhoudig met God innerlik gemotiveerd om heilig te lewe (vgl punt 5.4.2).

Deur die leer van die apostels besef gelowiges ook watter positiewe gevolge dit inhou as hulle hulle lewe volgens God se wil inrig (vgl punt 5.4.4). Gelowiges wat hulle lewe volgens God se wil inrig, groei in hulle behoefte aan 'n innige verhouding met Jesus Christus en in hulle belewing van hierdie verhouding. Deur die leer van die apostels weet gelowiges ook in watter toestand hulle sal verval indien hulle toegee aan immoraliteit



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(vgl punt 5.4.4). Iemand wat immoreel lewe, het 'n totale onvermoë om te verstaan dat 'n mens wat in 'n verbondsverhouding met God staan, 'n lewe volgens God se wil behoort te lei. Sy volslae onvermoë om te verstaan, bestaan ook daarin dat hy vergeet het dat sy doop hom daarop wys dat Jesus Christus se verlossing 'n radikale breuk met die ou lewe bewerk het en aan hom 'n lewe volgens God se wil gegee het. As gelowiges hulle lewe volgens God se wil inrig, sal hulle daardeur hulle roeping en uitverkiesing bevestig en sal hulle nooit sodanig struikel dat hulle nie die ewige koninkryk van Jesus Christus beërwe nie.

Die gelowige wat aan die leer van die apostels herinner word, sal weet dat slegs dié mense wat waarlik verlos is, en daarom vanuit hulle verhouding met God by hulle geloof 'n lewe volgens God se wil voeg, toegang verkry tot die ewige koninkryk van Jesus Christus (vgl punt 5.4.4).

### 6.5.4 Gerigtheid op ander mense

Soos in punt 1.2 aangetoon, het die postmodernisme op die moreel-etiese gebied tot 'n gerigtheid op ander mense en 'n erkenning van die andersheid van andere gelei. Wie deur herinnering aan die leer van die apostels paraat gemaak is, vind in hierdie opsig in 'n mate aansluiting by die postmodernisme. Die leer van die apostels lei gelowiges tot liefde vir ander mense – liefde (φιλαδελφίᾳ) vir medegelowiges (vgl 1:7; punt 5.3 en Van Houwelingen 1993:37) en liefde (ἀγάπῃ) vir nie-gelowiges (vgl 1:7; punt 5.3 en Van Houwelingen 1993:37-38). Die gerigtheid op die ander mens en die erkenning van andersheid van die ander mens soos deur die postmodernisme geleer word, verskil egter ook drasties van die leer van die apostels. In die postmodernisme se gerigtheid op ander en die andersheid van ander, word die mense se reg tot weerstand teen enige *grant récit* sterk beklemtoon – ook die mens se weerstand teen die eise van God volgens die Bybel (vgl punt 1.2). Volgens die leer van die apostels behels die liefde vir ander mense juis dat ander opgeroep word tot 'n lewe voor God (vgl εὐσέβειαν in 1:6, punt 5.3 en Van Houwelingen 1993:37). Terwyl die postmodernisme se klem op ander mense en die andersheid van ander tot immoraliteit lei (vgl punt 1.2), behels die liefde vir ander mense volgens die leer van die apostels dat mense gelei word tot 'n lewe van hoë morele



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waardes (vgl ἀρετήν in 1:5, punt 5.3 en Bauckham 1983:185) en beheer oor sondige begeertes (vgl ἐγκρατείᾳ in 1:6, punt 5.3 en Green 1977:68-69).

## 7. SAMEVATTING

In 'n postmodernistiese samelewing is dit van groot belan. Deur te sorg dat gelowiges die leer van die apostels nuut en helder voor oë het, word g dat alle gelowiges doelgerig paraat gemaak word teen immoraliteithulle toegerus om te onderskei tussen ware en vals gesante van Jesus Christus, ontvang hulle gesagvolle moreel-etiese leiding en word hulle tot heiligmaking gelei. Terwyl die postmodernisme se gerigtheid op ander mense en die andersheid van elke mens soms lei tot weerstand teen die moreel-etiese eise in die Bybel en tot 'n immorele lewe, lei die leer van die apostels gelowiges om ander mense in liefde op te roep om vanuit 'n verbondsverhouding met God voor God te lewe en tot 'n lewe wat getuig van hoë morele waardes en selfbeheersing.

## Literatuurverwysings


Bauckham, R J 1983. *Jude, 2 Peter*. Texas: Waco. (Word Biblical Commentary 50.)

Bosch, G J 1991. *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission*. New York: Orbis Books.

Bosch, D J 1995. *Believing in the future. Toward a missiology of Western culture*. Philadelphia, PA: Trinity Press International.

Botha, J J 1993. Diversiteit en solidariteit. *Theologiae Evangelica* 26(3), 51-63.

Breed, D G 1994. Die kenmotief in 2 Petrus: 'n Eksègetiese studie. Th.D Proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

— 2000a. Verandering van die moreel-etiese situasie in Suid-Afrika, in die lig van die kenmotief in 2 Petrus 1:3-4. *In die Skriflig* 34, 207-230.

— 2000b. Geloofsverryking te midde van moreel-etiese verwarring, in die lig van die kenmotief in 2 Petrus 1:5-7. Aanvaar vir *In die Skriflig* 2000(3).

— 2000c. Geloofsvolharding te midde van moreel-etiese agteruitgang in die lig van die kenmotief in 2 Petrus 1:8-11. Aanvaar vir *In die Skriflig* 2000(4).

Cavallin, H C C 1979. The false teachers of 2 Peter as pseudo-prophets. *Novum Testamentum* 21(3), 263-270.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Coetzee, J C, De Klerk, B J & Floor, L 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig* 1980(54), 12-26.

— 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegese van die Heilige Skrifte in Coetzee, J C, (red), *Koninkryk, Gees en Woord. Huldigingsbundel aangebied aan prof dr Lambertus Floor* by sy emeritaat as professor in die Nuwe Testament aan die teologiese skool, Potchefstroom en die Fakulteit Teologie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Lange, F 1999. De kleine troost van de erotiek. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift* 99(1), 30-36.

Desjardins, M 1987. The portrayal of the dissidents in 2 Peter and Jude: Does it tell us more about the "godly" than the "ungodly"? *Journal for the Study of the New Testament* 30, 89-102.

Edgar, W 1995. No news is good news: Modernity, the postmodern, and apologetics. *Westminister Theological Journal* 57, 359-382.

Floor, L 1992. *Jakobus: Brief van een broeder.* Kampen: Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament.)

Fornberg, T 1977. An early church in a pluralistic society: A study of 2 Peter. Lund: Carl Bloms Boktryckeri.

Green, M 1977. *The second epistle general of Peter and the general epistle of Jude: An introduction and commentary.* Grand Rapids: Eerdmans. (The Tyndale New Testament Commentaries.)

Groenewald, E P 1977. *Die briewe van Petrus. Die brief van Judas.* Pretoria: NG Kerk-Uitgewers.

Grundmann, W 1974. *Der Brief des Judas und der zweite Brief des Petrus.* Berlin: Evangelische Verlagsanstalt. (Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament.)

Halman, L & Petterson, T 1996. Morality and religion: a weakened relationship? *Journal of Empirical Theology* 9(1), 30-47.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Kahmann, J J A 1983. *De tweede brief van Petrus*. Vertaald en toegelicht door prof dr J J A Kahmann, in Kahmann, J J A & Dehandschutter, B, *De tweede brief van Petrus*. Vertaald en toegelicht door prof dr J J A Kahmann. *De brief van Judas*. Vertaald en toegelicht door dr B Dehandschutter. Boxtel: Katholieke Bijbelstichting, 11-112.)

Küng, H 1990. *Theology for the third millennium:* An ecumenical view. New York: Doubleday.

— 1991. *Global responsibility in search of a new world ethic*. London: SCM Press.

Louw, J P & Nida, E A 1988a. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains,* Vol 1. New York: United Bible Societies.

— 1988b. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*, Vol 2. New York: United Bible Societies.

Lyotard, J 1984. *The postmodern condition: A report on knowledge*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Manenschijn, G en Reinders, J S 1991. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift* 91, 157-179.

Mayor, J B 1965. *The epistle of St Jude and the second epistle of St Peter*. Grand Rapids: Baker Book House.

Neyrey, J H 1980. The form and background of the polemic in 2 Peter. *Journal of Biblical Literature* 99(1), 407-431.

Olthuis, J H 1996. Face-to-face: Ethical asymmetry or the symmetry of mutuality? *Studies in Religion* 25(4), 459-479.

Paulsen, H 1992. *Der zweite Petrusbrief und der Judasbrief*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Kritisch-exegetischer Kommentar über das Neue Testament.)

Rabali, T C 1992. The motif of hastening the Lord's coming: 2 Peter 3:1-13 and its alleged parallels and backround. D.Th dissertation, University of South Africa.

Reicke, B 1982. *The epistle of James, Peter, and Jude*. Garden City: Doubleday & Company.

Taylor, D 1999. Are you tolerant? *Christianity Today* 43(1), 43-52.

Tracy, D 1994. Theology and the many faces of postmodernity. Theology Today 51(1), 104-114.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Turnau, T A 1994. Speaking in a broken tongue: Postmodernism, principled pluralism, and the rehabiltation of public moral discourse. *Westminster Theological Journal* 56(2), 345-377.

Van Houwelingen, P H R 1993. *2 Petrus en Judas: Testament in tweevoud.* Kampen: Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament.)

Van Niekerk, A 1998. Postmodernisme en die NG sending in die Nuwe Suid-Afrika. *NGTT* 39(4), 367-378.

Vorster, J M 1996. *Is die kerk nog funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde kerkvernuwing in 'n post-moderne konteks.* Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Vorster, J N 1994. Creatures creating creators: the potential of rhetoric. *Religion & Theology* 1(2), 18-135.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services